

1.

Gemeente, broers en susters.

Hoe tree Adam en Eva op direk nadat hulle ongehoorsaam was teenoor God?

God sê dat hulle van al die vrugte mag eet in die tuin van Eden behalwe van die vrugte van die boom van die lewe. Dit is God se direkte opdrag! **Indien hulle daarvan eet sal hulle sterf.** Tog, so vertel die verhaal vir ons, eet hulle van die einste boom. Hulle is ongehoorsaam, hulle ignoreer God se direkte opdrag.

Hoe lyk hulle optrede, wat doen hulle nadat hulle die oortreding gepleeg het?

- In die eerste plek is hulle **skaam**. Hulle oë gaan oop en hulle beseft dat hulle verkeerd gedoen het. Om hulle skaamte, hul naaktheid te bedek, trek hulle vyeblare as klere aan
- In die tweede plek, wanneer hulle die Here hoor wandel in die tuin, **kruip hulle vir Hom weg**. Hulle skuil van die Here.
- In die derde plek, wanneer die Here vir die mens opspoor, vertel hulle aan God dat hulle Hom in die tuin hoor wandel het. En toe het hulle **baie bang geword**.
- Dit is egter nie al wat plaasvind nie. Lees 'n mens die verhaal mooi beseft 'n mens dat Adam en Eva die **waarheid verdraai** tydens hulle gesprek met God. Tydens die gesprek sê Adam aan die Here dat hulle van God wegkruip omdat hulle bang geword het omdat hulle kaal is. Dit is egter nie die volle waarheid nie. Is dit nie ook moontlik dat hulle **wegkruip om dat hulle ongehoorsaam was nie**? Hulle het mos van die boom van die lewe geëet. In 'n sekere sin vertel hulle 'n leun aan die Here. Hulle jok.
- En laastens, wanneer God hulle uitvang, verplaas hulle die **skuld op ander**. Eva gee die slang die skuld. En Adam gee weer aan Eva die skuld. Die ironie is dit God beide die slang en Eva geskape het. Dus – per implikasie blameer

Adam en Eva vir God. Ons kan self so ver gaan deur te sê dat beide in die geval lafhartig was. Hulle is nie bereid hul skuld te dra en te erken nie.

2.

Hoekom gemeente spreek die verhaal ons so aan? Hoekom is dit so interessant vir ons?

Ek dink dit is die geval omdat die verhaal 'n **spieël** is waarin ons kyk. In Adam en Eva se optrede sien ons onself. Sonder dat ons dit aldag besef **tree ons netsoos die twee op in ons eie verhoudings**. Ons tree so op in ons verhouding met die Here asook in ons verhouding met mekaar.

- Is ons ongehoorsaam, miskien liefdeloos, dalk selfsugtig maak ons presies die selfde.
- Jok ons, verraai ons, verloën, slaan ons tree ons netsoos hulle op.

En wat maak ons? Wat maak ons wanneer ons gewete ons aanspreek? Wat maak ons as ons besef: *Maar ek het verkeerd opgetree teenoor God en my medemens.*

- Ons is **skaam, ons word bang en ons kruip weg** - ons skuil agter ander mense en dinge.
- En wanneer ons gekonfronteer word deur ons oortredinge gebeur dit keer op keer dat ons **leuens** vertel.
- Wanneer dit nie meer werk **verplaas ons die skuld op ander mense**. Ons plaas die skuld op ons omstandighede.

Hoekom doen ons dit? Hoekom tree ons presies die selfde as Adam en Eva op? Want soos hulle wil ons **onself beskerm**. Die mens, gemeente, se grootste dryfveer is ons oorlewingsdrang. Daarom sal ons alles doen, selfs lieg en bedrieg, solank ons net nie verloor wat vir ons kosbaar is nie. In 'n sekere sin is ons baie selfgesentreerd. Dit gaan net oor my gemak en my plesier.

Ek besef dit is 'n baie negatiewe manier om na die mens te kyk. Dalk stem van julle nie met my saam nie. Dalk dink jy: *Maar ek is nie so sleg nie*. Kyk maar net om ons – dit lyk asof dit al hoe slegter in ons wêreld gaan.

3. (slide 2 – kind wat in veld loop)

God aan die ander kant gemeente **tree geheel en al anders op as Adam en Eva.**
Netso verskil God soos dag van nag van jou en my.

Waar ons skaam en bang is, waar ons lieg en bedrieg, waar ons altyd die skuld op ander of omstandighede verplaas **tree God geheel en al anders op.**

Ten spyte van die feit dat God vir die mens vertel dat hulle sal sterf indien hulle van die vrug eet sien hy van die straf af. Plaasvan om hul verdiendestraf te gee, naamlik die dood, doen die Here paar merkwaardige dinge.

- In die eerste plek **soek God** vir die mens.
- Tweedens **voer die Here met die mens 'n gesprek** en hoor wat hulle gedoen het. Hy veroordeel hulle nie onmiddellik nie. Nee, God loop 'n pad saam met die mens.
- Daarna **stippel die Here die gevolge uit** van Adam en Eva se oortredinge. Alhoewel hulle nie dood as straf gaan ontvang nie moet hulle beseft dat hulle dade in die lewe gevolge het. En die gevolge sal hulle moet dra.
- Maar, dan, en dit is die belangrikste. God **maak vir die mens klere** van vele en hy trek dit vir hulle aan.

Dit doen hy selfs wanneer die mens lieg vir die Here. Wanneer die mens die Here om die bos probeer lei. God is genadig selfs wanneer die mens nie bereid is om hul skuld te erken nie – die mens blameer vir die Here.

Dit is hoe groot God se genade is. **Selfs nadat hulle ongehoorsaam was bly die Here voorsien. Hy gee aan hulle dit wat hulle die nodigste het.**

4.

Die verhaal gemeente **repeteer regdeur die Bybel** - ons sien dit so **duidelik in Jesus se koms na die wêreld.**

- Netsoos in Adam en Eva se geval lieg en bedrieg ons.
- Soos in hulle geval is ons ook oneerlik en probeer altyd die skuld op ander pak.

- Dit doen ons in ons verhouding met die Here, maar ook met mekaar.

Tog ten spyte van ons sondigheid, ons liefdeloosheid, **stuur God Jesus na die mensdom**. Hy stuur Jesus na die mensdom, na jou en my, om vir eens en altyd ons verdiende straf, naamlik die dood, op Hom te neem.

In 'n sekere sin – waar God Adam en Eva met klere van vele aangetrek het maak hy nou die proses finaal klaar in Jesus. **In Jesus se genade en sy liefde, in sy aanvaarding, is ons nou volledig geklee in Sy heiligheid.**

5. (slide 3 – kinders wat hand in hand in pad loop)

Al wat God van jou my en verwag is om te **glo in die drie-enige-God**..

- Ons moet glo in God as die enigste skepper,
- Ons moet glo dat God deur Jesus ons red en ons heilig – dat Jesus self God is.
- En laastens moet ons glo in die Gees wat geloof skenk in die eerste plek.
- Ons moet glo dat ons deel het aan die genade, die liefde.
- Ons moet glo dat ons in Jesus, in Sy heerlikheid geklee is.

Dit is 'n boodskap wat vertroos. Wat hoop gee. Dit sê aan elkeen van ons: *Ons is nooit so verlore dat die Here ons nie weer kan vind nie. Hy soek altyd opnuut na ons en hy klee ons altyd opnuut met sy heiligheid.*

Hoe lewe ons met die wete? Of anders getel - behoort ons lewens nou anders te lyk?

Ek dink so!

- Elkeen van ons ken God se **opdragte**. Ons moet lief vir God en ons naaste wees. Laat ons dan nie meer ongehoorsaam wees nie, maar uit dankbaarheid getrou aan die Here en sy wet wees. Nie om daardeur in sy guns te kom nie, nee om daardeur dankie te sê vir Sy genade en liefde?

- En wanneer ons oortree, wanneer ons sondig, wanneer ons liefdeloos is teenoor God en mekaar **moet ons nie soos Adam en Eva optree nie**. Ons moet nie soos ou-self maak nie.
 - Laat ons nie wegkruip en vermy nie.
 - Laat ons nie jok en ander en omstandighede blameer nie.
 - Laat ons nie onself en ons belange eerste plaas nie.
 - Nee, laat ons uit dakbaarheid opstaan en ons Here en ons geliefdes in die oë kyk en ons skuld bely.
 - Laat ons nie meer agter die leun wegkruip nie maar die waarheid nastreef.
 - Ja, die waarheid is angswekkend – *wat as ek alles verloor*. Tog moet ons besef - die leun is die tronk waarin ons woon terwyl die waarheid die vryheid beloof waarna ons elkeen streef.

Wat sê ek eintlik gemeente. Baie eenvoudig. Daar waar jy is – by die huis, by die werk, tussen vriende, in die skool, by die kerk – **poog om iets van die Paradys sigbaar te maak**. Plant bome en blomme van harmonie, respek, liefde en gehoorsaamheid. En trek die ontkruid van die leun, van geweld, van selfsugtigheid uit en verbrand dit. Gaan jy ooit volledig hierin slaag. Nee, maar ons kan probeer om nader aan God en aan mekaar te leef. Ons kan probeer om iets van die Paradys aan die wêreld te wys.

Amen